### *Geestelike blik in die skepping*

# 137 (vervolg)

[11] Maar jy het My vroeër gevra of alle sterre sulke wêrelde is, en Ek het jou met `n ja geantwoord. Nou, as jy, My allerliefste Jarah, dit wil, oortuig jou dan op dieselfde manier! Kyk, as `n wêreldse jongman om die hand van `n jong meisie meeding en haar tot sy uitverkorene maak, toon hy haar ook al sy skatte, om daarmee die vrou van sy hart vir hom te wen. Want al sou sy hom vanweë sy persoon nie wil hê nie, dan sal sy hom tog aanvaar vanweë sy groot skatte. En kyk, Ek doen dieselfde vir jou, sodat jy eendag tydens die versoeking van die wêreld My hart nie sal verloën nie. Daarom laat ek jou nou My skatte sien, sodat jy kan besef dat Ek nie so arm is as wat My uiterlike mens skyn te vertel nie. Kyk, Ek is nou eenmaal jou geliefde en toon jou daarom ook ietwat van My groot besittings!"

[12] **Jarah** sê: "Meester, my lewe. As ek nog meer sterre sou wil bekyk om my daardeur te bewaar vir ontrou in my liefde vir U, dan spyt dit my dat ek die ster gesien het. Want U alleen is vir My oneindig baie meer werd as alle tallose sterre met hul skatte! **Waarlik, om U bo alles lief te hê het ek niks, ewig niks nodig as alleen vir U nie**. Maar net vir U, omdat dit U wens is, kyk ek ook graag na die wonders van U Mag en Wysheid!"

[13] **Ek** sê: "Luister, My allerliefste Jarah, Ek ken jou hart goed en lees daarin hoeveel jy van My hou en hoe getrou jy aan My is, maar jy is nou nog meer `n kind as `n volwasse meisie. Tot nou toe was jy steeds onder die beskerming van My engele, en die kwade geeste van die wêreld kon nie by jou gekom het nie. Wanneer jy egter ouer word, sal jy uit eie krag die slegte wêreld en haar luste moet weerstaan om volgens My ingestelde onveranderlike orde vir alle wesens, dieselfde vaste grond te bereik waarop jy My waarlik in gees en waarheid sal kan nader. Weet dan dat die wêreld `n groot mag het oor die mense, **omdat die wêreld vir die grootste deel vanuit die hel regeer word**, en dit kos die siel daar `n menige harde stryd om nie deur haar eie vlees en bloed en daardeur dan ook deur die wêreld verslind te word nie!

[14] Jy sien daar baie aantreklik uit. Weldra sal die wêreldse seuns hul oog op jou laat val en aan jou hul hart en hand aanbied, en dit sal moeilik vir jou word om hulle te weerstaan. As daardie tyd egter sal kom, dink dan in jou hart aan My en al die dinge wat jy op hierdie top alles gehoor en gesien het, en die oorwinning oor die wêreld sal vir jou nie te swaar wees nie!"

[15] **Jarah** sê bedroef: "Maar dit moet U tog al ewig duidelik wees of ek U ooit ontrou sal kan word nie? En as U in my toekoms sien dat ek ontrou gaan word, hoe kan U dan van my hou? En kan U `n toekomstige sondares toelaat om U te nader?"

[16] **Ek** sê: "Allerliefste Jarah, dit is vir jou nog veels te moeilik! Maar Ek sal jou uit My besondere groot liefde vir jou tog sê wat: Kyk, as Ek dit wil weet, kan Ek natuurlik altyd alles weet wat daar van `n mens tereg sal kom. Maar die mens moet as hy volwasse word, alles vry en selfstandig beslis. Daarom trek Ek My op `n bepaalde oomblik terug van die mens en kyk nie na wat hy met sy vryheid doen nie, behalwe wanneer hy My dringend vra om hom te help met sy vrye stryd teen die wêreld. Dan kyk Ek na hom, help hom op die goeie weg, en gee hom met die stryd teen die wêreld nuwe krag.

[17] Kyk, ek wil vir jou dus ook geen blik in die toekoms werp nie, sodat jy vry kan bly in jou doen en late, maar daarom leer Ek jou nou sodat jy jou alles tydens die versoeking lewendig sal mag herinner. Ook slegs dan sal die beskermengel jou verlaat, maar wanneer jy uit eie krag die wêreld volledig oorwin het, kom hy weer na jou toe en sal hy jou in alles dien. - Allerliefste Jarah van My, het jy dit nou so ongeveer verstaan?"

### *Die selfverloëningskool in die hiernamaals*

# 138

**Jarah** sê: "Ek dink dat ek dit verstaan het - maar desondanks is dit tog `n baie treurige saak vir my en alle ander mense, want nouliks één uit die duisend sal krag genoeg hê om uit homself so teenoor die wêreld te staan soos wat U dit wil hê!"

[2] **Ek** sê: "Daarom het Ek ook in die wêreld gekom, om deur My leer en deur My dade elkeen die wapen in die hand te gee waarmee hy moeiteloos die wêreld kan oorwin!"

[3] **Jarah** sê: "Dit mag so wees - maar daar is op aarde nog `n groot aantal mense wat miskien nog in geen duisend jaar iets van U Woord sal hoor nie! Waarmee sal hulle dan gedurende die lang tyd hulleself beskerm teen die geweld van die wêreld? Hulle is tog net sulke goeie mense as ons Judeërs!"

[4] **Ek** sê: "Met die volke van die aarde gaan dit netsoos met die kinders van één vader: die eerste een wat in die wêreld kom word deur die vader anders behandel as hy wat pas twee, drie, vier of vyf jaar gelede die lig van die wêreld aanskou het. Die oudste seun wat al `n kragtige man geword het, en `n dogter is hubaar, daarnaas is daar nog `n paar kinders van jou leeftyd, en drie het nog die doeke aan. Wat dink jy, sou dit verstandig van die vader wees as hy die kinders in die wieg net so sou behandel soos `n kragtige, uitgegroeide seun!?"

[5] **Jarah** sê: "Dit sou natuurlik baie dom van so `n vader wees!"

[6] **Ek** sê: "**Wel, dit is ook die rede waarom ander volke eers later van My leer te hore kry! Hulle is nou nog nie ryp daarvoor nie, maar op die regte oomblik sal hulle ryp word en dan sal My leer hulle ook bereik. - Verstaan jy dit?"**

[7] **Jarah** sê: "O ja, dit verstaan ek baie goed, maar wat staan dan die volke wat op hierdie aarde, tot op hede, nog nie ryp geword het nie, in die groot hiernamaals te wagte?"

[8] **Ek** sê: "Dit sal jy dadelik te siene kry! Kyk, daar in die noordelike deel van die hemel hang `n ster wat `n rooierige skynsel afgee, rig die oog van jou hart daarop, net soos by die vorige keer, en rig jou aardse oog ook daarop en dan sal jy op die ster die mooiste antwoord op jou vraag kry!"

[9] **Jarah** doen dit nou dadelik en sê al na etlike oomblikke: "O Meester, almagtige Skepper van hemele en van alle wêrelde, dit is `n nog baie groter wêreld as die vorige, en hoe word sy deur `n heerlike lig omgewe! Maar die lig het `n helderrooi kleur, ietwat na goudgeel toe, terwyl die lig van die eerste wêreld heeltemal suiwer wit was. Maar nou word die lig van hierdie wêreld ook ondraaglik fel! Ag, nou staan ek al op die bewoonde bodem van hierdie wêreld! O, dit is ook onbeskryflik heerlik! Wat `n afwisseling! Lieflike sagte golwende berge omring die pragtige, vrugbare dale. In die dale sien `n mens ook `n soort hut, wat alleen bestaan uit `n dak wat netjies ondersteun word deur robynagtige suile. Maar op die rûe van die berge staan daar ononderbroke onafsienbare rye van sulke hutte en hoe ontsettend ver my blik ookal reik, tog sien ek niks anders nie, en die hutte lyk op mekaar soos twee druppels water. Soos wat ek sien, rus die ovaal ronde dakke almal op robynsuile van ongeveer sewe man hoog, en ook die suile is almal eenders! Van mense en ander lewende wesens is tot nou toe nog niks te sien nie, maar hulle moet tog wel daar wees - want dit blyk al uit die buitengewone beskawing van hierdie ontsettende uitgestrekte lande!

[10] Maar dit is merkwaardig dat in hierdie tog so skitterende wêreld alles presies op mekaar lyk! Die een vrugteboom lyk sprekend op die ander, en elke blom is soortgelyk, alles staan in rye en jy kan beslis niks ongeorden vind nie.

[11] Die geheel sien daar wel wonderskoon uit en dit lewer `n vriendelike skouspel op, maar na `n tyd sou hierdie, ewig na mekaar lykende wêreld, vir mense van ons geslag tog ietwat vervelend word! Maar nou het ek voor so `n hut aangekom en kyk, binne is mense net soos ons! Één staan daar op `n hoë plek en preek, en `n paar honderd ander luister met die grootste aandag na hierdie prediker!

[12] Daar in die aangrensende hut sien ek verskeie, in ryklik geplooide mantels gehul, mense aan `n goedgevulde tafel sit en eet, maar om die etendes heen staan daar net soveel, wat gepla skyn te word deur die honger, en die kry niks te ete nie! Ag, daar in die derde hut sien ek nou `n paar wondermooie meisies! Hulle staan poedelnakend en maak baie plesier met baie onbeteuelde manne en loop heen en weer. Op die agtergrond staan `n aantal heel wellustige lykende jongmanne en gee aan die mooie meisies tekens om ook na hulle te kom en om ook met hulle plesier te maak. Maar die jongmanne kry geen gehoor nie en skyn hulle daaroor nou nie juis te verheug nie.

[13] Ag, die huise is tog sonderling ingerig! So gelykvormig soos wat die hutte ook is, so verskillend skyn die besighede van die mense daarin te wees, en dit is beslis tog ook merkwaardig!? Maar as dit daar op hierdie ontsettend groot wêreld orals so uitsien soos in die omgewing wat ek nou gesien het, dan is ek liewer vir ons kleine aarde - behalwe die slegte mense dan!"

[14] **Ek** sê: "Alles wat jy nou sien, is slegs `n klein skool- en opleidingshuis in selfverloëning en selfbeheersing. Wandel nou in gedagtes verder en dan sal jy dadelik iets anders sien!"

[15] Jarah doen dit en gee dan meteens so `n gil dat die vas slapendes byna wakker geword het as My Wil hulle nie weer in die slaap gedompel het nie.

[16] Na die skreeu vra Ek vir Jarah waarom sy so geskreeu het.

[17] **Jarah** sê: "O Meester, hierdie prag, hierdie majesteit oortref weer alles wat `n menslike gees maar ooit kan bevat! Daar staan `n paleis so groot en hoog soos die hoogste en grootste berg op aarde! Die mure is gebou uit een en alle pragtige edelstene. Duisend en nog eens duisend goue trappe en galerye versier van buite hierdie ontsagwekkende paleis, wat heeltemal boaan uitloop in `n egte spits. Rondom die paleis pronk die pragtigste tuine, waarin `n groot verskeidenheid die oog steeds bly boei. In die tuine is ook baie pragtige mere waarop waarskynlik vir die vermaak `n groot aantal kunswerke ronddrywe, wat egter deur niks gelei word nie en waarop nog minder gelet word.

[18] Meester, wat beteken dit nou alles? Wie is die bewoners van die kolossale paleis, en waarvoor dien die vry rond-drywende veelsoortige kunswerke op die pragtige meer?"